Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Oktober 2020

RISKANTE BYVOEGMIDDEL PRAKTYKE MET GLIFOSAAT

Ammoniumsulfaat byvoegmiddels word al vir 35 jaar met glifosaat gebruik en dit is nog steeds die effektiefste katioon-neutralisering produke.

Tydens druppel uitdroging, bind die sulfaat anioon aan die natuurlik teenwoordige antagonistiese katione soos kalsium, magnesium en natrium voordat hierdie katione aan die glifosaat kan bind. Die ammonium ioon help dan met die glifosaat opnameproses. Dit is 'n dubbelaksie proses en dit is waarom ammoniumsulfaat so 'n effektiewe byvoegmiddel vir glifosaat is.

Baie ander chemikalieë kan dalk met een van hierdie prosesse bystaan maar tot op hede, kan geen ander produk beide prosesse so effektief uitvoer nie. Ongelukkig word ammoniumsulfaat byvoegmiddels dikwels met ander chemikalieë vervang wat nie dieselfde voordeel het nie. Dit kan 'n nadelige effek op onkruidbeheer hê, veral onder marginale weerstoestande wanneer enige glifosaat tekortkominge blootgestel word.

Kunsmisgraad ammoniumsulfaat

Kunsmisgraad ammoniumsulfaat bevat dieselfde chemie en dit word soms deur produsente gebruik om op kostes te spaar. Neem asseblief kennis dat Villa glad nie hierdie praktyk ondersteun nie! Die spuitgraad ammoniumsulfaat wat Villa in ons byvoegmiddels gebruik bevat baie min onsuiwerhede en is geskik vir gebruik saam met glifosaat.

Dit word ook vir verskeie ander kwaliteitsnorme getoets. Dit het dus 'n L-nommer wat bewys dat dit geskik vir gebruik as 'n byvoegmiddel is. Kunsmisgraad ammoniumsulfaat het 'n K-nommer wat beteken dat dit geskik vir gebruik as 'n kunsmis is. Kunsmisstowwe het totaal verskillende registrasie en kwaliteit vereises. Dit is dus nie as byvoegmiddel getoets en geregistreer nie en dit kan totaal ongeskik hiervoor wees. Moet asseblief nie op kostes probeer bespaar deur kunsmis as 'n byvoegmiddel te gebruik nie. Dit is 'n baie gevaarlike en ongeregistreerde praktyk!

Ander ammoniumsulfaat plaasvervangers

Ammoniumsulfaat word soms met ander chemikalieë vervang omdat daar geglo word dat hierdie produkte presies dieselfde funksie verrig. Hierdie plaasvervanger produkte sluit ureum, verskeie sure en ander byvoegmiddels in. Sommige van hierdie produkte word teen 'n fraksie van die dosis van ammoniumsulfaat gebruik, wat dit baie aantreklike opsies a.g.v. verminderde vervoer- en ander kostes maak. Neem asseblief kennis dat Villa nie die gebruik van enige plaasvervangers vir ons ammoniumsulfaat byvoegmiddels ondersteun nie. Ons het verskeie kandidaat byvoegmiddels hiervoor getoets en gevind dat ons spuitgraad ammoniumsulfaat byvoegmiddels nog steeds die effektiefste is.

Villa se mening

Ammoniumsulfaat byvoegmiddels se waarde is oor die afgelope 35 jaar bewys. Dit is nog steeds die effektiefste byvoegmiddels vir glifosaat en verskeie ander onkruiddoders. Die vervanging van Villa ammoniumsulfaat byvoegmiddels kan die effektiwiteit verlaag, gewasskade verhoog of dit kan selfs fisiese onmengbaarheid veroorsaak. Voordat enige ander produk oorweeg word, raadpleeg eers jou Villa bemarkingsadviseur vir die beste tegniese raad.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za

villa